NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 23 FEBRUARIE 2025

SEWENDE SONDAG VAN EPIFANIE

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

De Eike is dankbaar en tevrede

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Eksodus 34:29-35; Psalm 99;
2 Korintiërs 3:12–4:2; Lukas 9:28-36

SONDAG, 23 FEBRUARIE

POSDAG
GETUIENISSONDAG
DANKBAARHEIDSONDAG

09:00 Oggenddiens – Ds Janine Williams
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Missie Japan
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

Na afloop van die oggenddiens

- Senior Kategese
- Gemeentetee in die saal

MAANDAG, 24 FEBRUARIE

18:00 Kooroefening
19:00 Sportmanne Bybelstudie in konsistorie
19:00 Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 25 FEBRUARIE

09:30 Senior Burger Bybelstudie
18:00 Begrotingsvergadering – alle kommissie voorsitters

WOENSDAG, 26 FEBRUARIE

09:30 Vroue Bybelstudie
09:30 Othello Bybelstudie

DONDERDAG, 27 FEBRUARIE
Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams
VRYDAG, 28 FEBRUARIE
SATERDAG, 1 MAART
SONDAG, 2 MAART

AGSTE SONDAG VAN EPIFANIE

09:00 Oggenddiens
Bevestiging van ds Johan Janse van Rensburg
Kleuterkerk op verhoog
Deuroffer ten bate van: Bediening aan Dowes
Erediensspan 2 – Elsa Welman

GEEN Kinderkerk en Senior Kategese

Na afloop van die oggenddiens

- Gemeentetee in die saal

GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   John Pottage vanaf Gansbaai.
   Fred en Louani Swanepoel en kinders (Erik, Louie en Johan) vanaf Kuilsrivier-Suid.
2. Sarie Dippenaar (Sangirostraat) het 'n rug-operasie ondergaan.
3. George en Elzeth Loots (Skoolstraat) het 'n kleinseun ryker geword. Helgard en Christine Oosthuizen is die ouers.
4. Gerrie Bester (Gladiolistraat) ondergaan in die komende week 'n operasie.
5. Michelle Vosloo (Koekoekstraat) het erekleure (Akademie) by Hoërskool Bellville ontvang. Michelle is deel van De Eike se span wat Sondae die power point tydens eredienste behartig.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

23/02 Gillian van der Merwe, Gideon Saayman, André van der Merwe
24/02 Johretha Seifert, Leah Boshoff, Björn Deutschmann, Lisbé Swart, Jané Verster, René van der Walt, Mia Visser, Riekie Nel, Johan Nel, Nerine Burger
25/02 Clarence Visser, Lizca Fölscher, Piet Steyn
26/02 **Carina Barnardo**, Leanke en Liam Hanekom, Ella Johannes
27/02 Truda Botha(83), Ralie Marais, Michael Osborn
28/02 Anton Swanepoel, Wilhelm Steenkamp, André Smook, Erica Venter, Jannie Hanekom
01/03 Dirk Lochner, Anna Regenstein(91), André Geyer, Rosa Brand, Johnny de Villiers, Ashley Janse van Rensburg

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Japan

Getuienisaksie en verskeie gemeentes uit ons gebied is vennote in *Missie Japan* wat ons kerkfamilie se uitreike en die ondersteuning van ons sendelinge daar al vir 53 jaar saam met die "Reformed Church in Japan" koördineer en stuur. Van die 127 miljoen mense is minder as 1% Christene. Stéphan en Carina van der Watt met hul kinders, Cornelius, Annlie, Stephan en Lodewyk woon in Kobe waar Stephan as professor van Pastorale Teologie en Sorg by die *Kobe Reformed Theological Seminary*, werk. Dis waar leraars vir Japan opgelei word. Hy sien ook pastoraal om na die studente, en bedien gemeentes landwyd.

Lees meer by www.missiejapan.co.za

Getuienisaksie | 021 957 7184 | missio@kaapkerk.co.za
Webwerf: http://getuienis.christians.co.za

AKSIE SAMARITAAN

Aksie Samaritaan het "n groot behoefte aan seuns skoolskoene, grootte 1-5.

Indien jy kan help, kan die skoen by die kerkkantoor afgegee word.

KERKKOOR

KUILSRIVIER KERKKOOR NOOI NUWE LEDE OM AAN TE SLUIT.

Kooroefeninge is Maandae aande om 18:00 om die beurt by De Eike gemeente en Kuilsrivier Moedergemeente.

Vir verdere inligting kontak die orrelis/musiek koördineerder, Ilse Myburgh (0823461482).

ROUSMART SEMINAAR

HOE HANTEER EK ROUSMART WANNEER 'N GELIEFDE AFSTERF?

Hierdie is 'n ondersteuningsprogram wat gereedskap voorsien waarmee rousmart hanteer kan word. Die Rousmart-program bemagtig mense op hulle pad van genesing en hoop. Die program bestaan uit drie elemente: video's oor verskillende onderwerpe met betrekking tot rou, gefasiliteerde groepbesprekings, en toepassing deur die deelnemers in hulle individuele werkboeke.

Voorbeelde van temas wat hanteer word is o.a. die uitdagings van rou, hoe om te vra vir hulp en dit te aanvaar, skuldgevoelens en woede, vergifnis asook die terugkeer na 'n normale lewe.

Die program word aangebied deur twee opgeleide fasiliteerders/beraders naamlik Yngvild Steytler en Diana Kruger.

Datum: Vanaf Maandag 24 Februarie 2025 vir 13 weke elke Maandagmiddag.

Tyd: 16:30-18:30

Plek: De Eike se konsistorie.

Kostes: R300.00 vir die werkboek

Daar is slegs 12 plekke op die program beskikbaar.

Kontak vir Yngvild Steytler by 082 448 5974 sodat jy vroegtydig jou plek bespreek.

DE EIKE GHOLFDAG

15 Maart 2025
Jan Krielskool se baan
Sluit 'n ete in
6-bal @ R275 per kop

Kontak Hennie Rootman by 082 444 4046 of
die kerkkantoor as jy wil inskryf.

Ons kort ook nog donasies om te help om onkoste te dek.
As jy kan help of dalk net wil bydra tot die sukses, kan jy EFT in die kerk se rekening, gebruik asb die verwysing **" Jou naam en Gholfdag"**

Spring sommer gou en skryf in of help met 'n bydrae.
Saam maak ons die dag 'n reuse sukses!!

DIE KOSMANDJIE

Die **Getuienis Aksie kommissie sê graag** *baie, baie, BAIE DANKIE* aan liewe De Eike-lidmate vir hul wonderlike bydraes om Desembermaand en die Kersgety spesiaal te maak vir medelidmate wat nood ervaar. Dit was inspirerend!

Hierdie week se Spenslys volg op die vorige Sondae se lysies van 35 vasgestelde items waarmee Die Kosmandjie werk. Die Spenslys is 'n spesifieke-behoefte lys van die items wat ons nou nodig het.

- Koffie, Tee en Suiker
- Blikkies groente, veral groen groente en tamaties
- Sopmengsels, lensies, erte (500g-sakkies)
- Koekies lyfseep, Tandepasta
- Skottelgoedseep, Waspoeier (1kg- / 2kg-sakkies)

Dankie vir jou medewerking en naasteliefde!
Mandjie-groete

KUILSRIVIER MOEDERGEMEENTE

PREEKSKETS

TEMA – GETUIES VAN DIE WARE LIG

Prediker: Ds Janine Williams

Skriflesing: Johannes 1:6-18